



Internasionale Jaggeweer Skiet Vereniging (IJSV – IHRS) Wereld Kampioenskap - 2014

Na maande se beplanning en baie harde werk het dit toe plaasgevind, die 1ste Internasionale Jaggeweer Wêreld Skiet Kampioenskappe. Dit was vir my 'n baie groot oomblik toe die 150 skuts die Woensdagaand by Monte Bello bymekaar kom en ons die program aan almal verduidelik. Die internasionale deelnemers van Swede, Czech- Republiek, Australië en Namibie het aangeland en sonder enige probleme by ons ingeval. Jammer die Czech manne kan nie Engels verstaan nie en moes deur n tolk werk; dit sou lekker gewees het om met hierdie manne te kon gesels.

Donderdag se baan was relatief maklik en die tellings het dit bewys. Ons het volgens die Internasionale reëls geskiet en daarom die koppe op sommige bane. Sommige van die plaaslike manne was ongelukkig hieroor, maar as jy na die tellings kyk, lyk dit nie of dit saak gemaak het nie. Vrydag se baan was ook nie 'n moeilike baan nie, maar die wind het baie sterk gewaai en dinge baie bemoeilik. Die wentelling van 805 was 'n baie goeie telling vir die dag. Saterdag was 'n lieflike dag, met dreigende wolke gedurende die oggend. Gelukkig het ons die teikens die vorige middag met "desifix" geplak want die reën van die oggend en gedurende die nag sou die teikens erg beskadig het. Die wentelling was 820 en ek dink dit was 'n goeie aanduiding van die moeilikheidsgraad.

Die personeel van Monte Bello het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt rakende die funksie die Saterdagdagaand ondanks die paar mense wat nie ete kaartjies gehad het nie en wel opgedaag het. Monte Bello se twee dames het hier vinnig 'n plan gemaak en ons 'n baie groot verleentheid gespaar.

Tydens die prysuideling is medaljes aan die wenners asook pryse aan die eerste 39 deelnemers uitgedeel. Ons kan met trots aankondig dat ons R250 000.00 se pryse kon uitdeel, waaronder 5 gewere. Baie , baie dankie aan ons 18 borge wat dit moontlik gemaak het, sonder julle sou dit nie moontlik gewees het nie. Lys van borge verskyn later.

Ek wil graag vir John en Trevor van Whylo, Greg Smith van Zeiss, Renier en JJ van Formalito, Keegan van African Hunting Supplies en Willem Immelman met sy span van Safari &

Outdoor hartlik bedank vir die opsit van al die banniere en vlae, dit was pragtig. Renier het ook my banniere opgesit, baie dankie. Aan Louis Butler my regterhand, baie, baie dankie vir al jou hulp!

Die Sondagoggend om 11 uur het al die spanne na Brandfort vertrek waar ons die Sondagmiddag die baan gebou het vir die spanskiet kompetisie wat die Maandag sou plaasvind.

Fantasties om te sien hoe die ander spanne die bane aanvaar het wat ons uitgelê het. Wonderlik om so min kommentaar van ons eie skuts te kry! Almal kon hier help en kort voor lank was alles in plek.

Die SA-Spanne het die uitslae oorheers met die Protea-Span wat die wenner was. Geluk aan ons Proteas, julle het baie mooi geskiet.

Die mense van Amanzi het alles seepglad laat verloop en ek dink almal was beïndruk met die "venue" en plaas. Dinsdagoggend is almal daar weg, na 'n baie ontspanne en lekker Maandagaand.

Die medaljes vir die wenspanne is in proses na 'n misverstand tussen hulle en myself oor die hoeveelhede.

Tydens 'n vergadering van die Internasionale komitee is besluit dat die 2de Wêreld-Kampioenskappe gedurende September 2017 in Namibie aangebied sal word en wel naby Windhoek.

Hier volg 'n lys van borge, in geen spesifieke volgorde nie:

Zeiss, African Hunting Supplies, Formalito, Safari & Outdoor, Whylo, Lynx, Die Skietwinkel, Gerrie Coetzee Vuurwapens, Anton Muller (Bridge Stone Vryburg), N-Yale, Nikon SA, Bushill, H.J.Drinn, Awesome Tools, Gunner Sales, Japan Optical, Kloppers (Bloemfontein), Somchem, Peregrine Bullets.

Willem Botha











